# *Riglyn vir 'n aansoek om hulp uit die Gemeenteondersteuningsfonds 2025 finansiële jaar*

Reglement 40 (Kerkorde en Reglemente van die NG Kerk in SA, 2023) beskryf die taak van die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie onder ander as volg:

6.7 die finansiële beplanning en strategie van die sinode;

6.8 die bestuur van die sinode se fondse sodat die roeping van die sinode prioriteit geniet;

6.9 die bestuur van die sinode se fondse sodat gemeentes, diensgroepe en taakspanne in staat gestel word om hulle roeping uit te leef;

Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie het dus 'n opdrag én 'n mandaat om gemeentes te help "om hulle roeping uit te leef". As rentmeesters (bestuurders) het die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie 'n **Gemeenteondersteuningsfonds** opgebou. Gemeentes kan uit hierdie fonds gehelp word. Hierdie riglyn verduidelik hoe die proses werk om vir hulp uit die Gemeenteondersteuningsfonds aansoek te doen.

## 1. Drie stappe

Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie wil seker maak dat elke gemeente **billik** en **deursigtig** hanteer word. Die vereiste is dus (vanaf 2015 se sinodesitting) dat elke aansoek om hulp uit die Gemeenteondersteuningsfonds deur die plaaslike **Ring** en **Protokol** ondersteun word.

**1**

Gemeentes rig hulle aansoek aan die **Saakgelastigde**. Die Saakgelastigde maak seker dat die aansoek volgens die voorgeskrewe formaat is. Indien nodig, sal die Saakgelastigde afspreek om die gemeente se leierskap te ontmoet ten einde oor die finansiële situasie in die gemeente te praat. Die gemeente moet seker maak dat die Saakgelastigde ontvangs erken van die aansoek. Rig aansoeke en navrae aan:

Lenois Stander (Saakgelastigde)
Telefoon: 021 957 7104
E-pos: lenois@kaapkerk.co.za

Die Saakgelastigde tree met die gemeente in gesprek (per epos, telefonies of in persoon) oor die aansoek. Onsekerhede word opgeklaar, beleid word verduidelik en hulp word gebied om die aansoek ontvanklik te maak vir die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie. Die formaat moet so wees dat die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie dit per epos kan kry en "lees". Daar word gepoog om konsensus te kry oor die bedrag wat gevra word. **Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie moet 'n spesifieke versoek (bedrag) ontvang.** 'n Aansoek wat vra vir 'n "bietjie hulp" of vir "wat julle ook al kan gee" is nie ontvanklik nie [**Sien verder by punt 2 op bladsy 2**].

**2**

Die Saakgelastigde stuur dan die gemeente se versoek aan die betrokke gemeente se **Ring** (gewoonlik aan die ringskriba) met die versoek dat die ringskommissie kommentaar lewer. Die Ring se funksie is om die aansoek te beoordeel in die lig van die groter prentjie in die hele ringsgebied. Die hulp van die Gemeenteondersteuningsfonds moet ringsprosesse ondersteun – nie in die wiele ry nie.

Die ringskommissie besluit nie oor 'n spesifieke bedrag nie. Hulle neem ook nie 'n besluit oor of hulp gegee moet word of nie. 'n Ring kan egter aanbeveel dat hulp voorwaardelik aan sekere ringsprosesse moet wees. Die Ring kan ook die Gemeenteondersteuningsfonds se aandag vestig op spesifieke omstandighede of probleme wat aandag moet geniet.

**3**

Die Saakgelastigde meld ook die gemeente se versoek by **Protokol** aan. Protokol is 'n vergadering van verteenwoordigers van al die sinodale diensgroepe. So neem Gemeentebegeleiding kennis wat Predikantebegeleiding of Diaconia of die Taakspan Regte in 'n spesifieke gemeente mee besig is. Dit kan gebeur dat Protokol vra dat Predikantebegeleiding eers 'n proses afhandel voordat 'n gemeente gehelp word. Ander kere sal Protokol vra dat Gemeentebegeleiding 'n ringsproses fasiliteer.

## 2. Formaat

Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie vereis dat elke aansoek om finansiële steun ondersteun word deur ’n **finansiële staat in ’n spesifieke formaat**. Ten einde die verslag te kan lees en te kan vergelyk met ander aansoeke **moet** die finansies in die voorgeskrewe formaat gegee word. Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie het ’n stel vergelykende syfers waarmee ’n oorsig van ’n gemeente se finansiële state verkry word. Om die proses te vergemaklik, moet die finansies dus op die voorgeskrewe Excel-templaat gedoen word, anders werk die formules nie.

Die formaat wat verlang word, is dié van die gemeente se geouditeerde finansiële state se Bylaag 2 en 3 – dit wil sê die balansstaat en die inkomstestaat. Vyf kolomme word gevra:

- Die **eerste** kolom is die geouditeerde finansiële state se syfer soos op 28 Februarie 2023.
- Die **tweede** kolom is die geouditeerde finansiële state se syfer soos op 28 Februarie 2024.
- Die **derde** kolom is die werklike syfers soos tot en met die einde van die vorige maand – byvoorbeeld einde 31 Mei 2024.
- Die **vierde** kolom is dan die begroting vir vanjaar (2025 = 1 Maart 2024 tot 28 Februarie 2025). Die begroting is uiteraard in die inkomstestaat. Die oorskot of tekort moet egter na die balansstaat oorgedra word. As daar byvoorbeeld vir ’n R200 000 tekort begroot word, kom die R200 000 uit die lopende rekening of beleggings.
- Die **vyfde** kolom is die baie voorlopige begroting vir 2026. Dit is weer eens noodsaaklik om die effek van die oorskot of tekort na die balansstaat oor te dra.

| **Gemeente naam** | GFS 2023 | GFS 2024 | WERKLIK Jaar tot datum | BEGROOT 2025 | BEGROOT 2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| Dooplidmate | - | | | | |
| Belydende lidmate | | | | | |

By die inkomstestaat is dit nie nodig om elke detail te gee nie. Slegs die hoofopskrifte is nodig.

Inkomste:

- Gemeentelike inkomste
- Deuroffers
- Huur ontvang
- Rente ontvang
- Erflatings
- Versekeringseise
- Sinodale hulp
- Wins met verkoop van bates
- Diverse inkomste en ander

Uitgawes:

- Salarisse
- Gemeentelike dienswerk
- Administrasiekoste
- Eiendomsuitgawes
- Sinodale aandeel
- Ander uitgawes

Aansoeke om finansiële hulp wat nie in bostaande excel-formaat (een bladsy) gegee word nie, is nie ontvanklik nie.

**LET WEL: Hierdie Excel-templaat word aan ’n gemeente gestuur nadat die gemeente aangedui het dat hulle wil aansoek doen. Moenie die vorm in ’n PDF omskep nie. Stuur dit as ’n Microsoft Excel-dokument.**

Saam met die finansiële state, moet die gemeente ook ’n oorsig gee van **die gemeente se plan vir die toekoms**. Die Gemeenteondersteuningsfonds kan nie ’n gemeente jaar na jaar ondersteun nie.

Die Gemeenteondersteuningsfonds help ’n gemeente om ’n plan tot ’n volhoubare bediening te ontwikkel. Indien ’n gemeente vanjaar R250 000 kort, gaan die gemeente volgende jaar R300 000 kort – tensy die kerkraad intussen ’n plan in werking gestel het. Die Gemeenteondersteuningsfonds wil en kan ’n gemeente help om in ’n jaar of twee by ’n finansieel volhoubare bediening uit te kom. Dit beteken soms

- vermindering van die aantal predikante;
- samewerking of eenwording met ’n buurgemeente en die deel van ’n pos tussen twee gemeentes, of
- omskepping van ’n voltydse predikantspos na ’n tentmakerbediening (deeltydse pos).

Die Ring en Protokol kyk veral na hierdie plan vir volhoubaarheid en bied dikwels aan om met hierdie beplanning te help (dus voordat die hulp gegee word).

**LET WEL:**
**In die begroting vir 2025 en 2026 moet die hulp wat van die Gemeenteondersteuningsfonds gevra word nie reeds ingesluit wees nie – anders lyk dit of die gemeente geen uitdagings het nie.**

## 3. Sinodale aandeel

Elke gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gebind aan die Kerkorde van die NG Kerk in SA (2019). Reglement 57: 4.3.1.1 magtig die gebruik om ’n formule te bepaal waarvolgens elke gemeente ’n bydrae tot die Sinode se fondse maak. Reglement 54: 2.8 stel dit duidelik dat dit nie opsioneel is nie.

*4.3.1.1* *Die sinodale begroting word hoofsaaklik befonds deur gemeentelike bydraes wat bepaal word* ***volgens elke gemeente se vermoë****. Gemeentes se sinodale aandeel word deur ’n formule bepaal wat van tyd tot tyd deur die STFA aangepas en deur die Moderamen goedgekeur word voordat dit aan gemeentes voorsien word.*

*2.8* *Alle sinodale bydraes (soos sinodale aandeel en gemeentelike deuroffers wat vir instansies ingesamel word) en bydraes wat verband hou met die personeel van die gemeente (soos pensioen-en mediesefondspremies)* ***is ’n verpligting wat elke kerkraad as deel van die kerkverband moet nakom.*** *Die kerkraad sorg dat hierdie gelde maandeliks aan die kantoor van die Saakgelastigde oorbetaal word.*

Die Sinode in sitting (dit wil sê afgevaardigdes van gemeentes – Artikel 33) besluit van tyd tot tyd oor die formule. Die besluit van die Sinode is bindend (Artikel 23). Gemeentes het nie ’n opsie om te besluit of hulle ’n bydrae wil maak of nie. Kragtens die feit dat die gemeente ’n “Nederduitse Gereformeerde Gemeente” is, is die gemeente gebind aan die besluit van die Sinode.

Gemeentes noem soms dat hulle begroting nie ruimte laat vir die sinodale aandeel nie. Sinodale aandeel is net so ’n vaste uitgawe as die predikant se salaris, die Telkom-rekening of die munisipaliteit se rekening. Wat die gemeente wel kan sê, is dat die gemeente se uitgawes (in totaal) die gemeente se inkomste oortref. Die Sinode se hulp kan dus gevra word om die gemeente met sy totale begroting te help.

Indien ’n gemeente se sinodale aandeel R100 000 is en die gemeente se begrotingstekort is ook R100 000, is dit nie sinodale aandeel se skuld nie! Dit is die gevolg van die totaal van die gemeente se uitgawes. Maar die Sinode kan die gemeente met R100 000,00 uit die Gemeenteondersteuningsfonds help indien die aansoek meriete het. Dit mag dan vir die gemeente voel of die sinodale aandeel bloot afgeskryf is. In die Sinode se boeke is dit egter hulp aan ’n gemeente uit die Gemeenteondersteuningsfonds (of watter ander fonds ook al) – en die gemeente se sinodale aandeel is betaal en die Sinode se begroting klop...

## 4. Beleid

Die Gemeenteondersteuningsfonds het oor die jare ’n aantal basiese beginsels ontwikkel. Gemeentes behoort hiervan kennis te neem:

- Hulp word nie vooruit vir moontlike probleme in die toekoms gegee nie. ’n Gemeente word dus nie gehelp bloot omdat hulle vermoed dat die droogte of die pandemie ’n invloed op hulle basaar gaan hê nie.

- ’n Gemeente se spaargeld (beleggings) word beslis in ag geneem. Gemeentes vra soms hulp terwyl hulle baie geld op belegging het. Gemeentes word uiteraard aangemoedig om ’n noodfonds te hê, maar die bedoeling is nie dat die sinode ’n gemeente moet onderhou terwyl die gemeente se beleggings groei nie.
- Die Gemeenteondersteuningsfonds befonds nie gemeentes se projekte nie. Die Gemeenteondersteuningsfonds neem nie die versorging van die “sendeling in Korea” oor as die gemeente nie meer in ’n posisie is om ondersteuning te bied nie.
- Die Gemeenteondersteuningsfonds vind soms dat gemeentes hulle personeel heelwat beter vergoed as wat die sinodale riglyn voorstel. In so ’n geval sal die Gemeenteondersteuningsfonds nie maklik help nie. Dit is gewoon nie billik om een gemeente te help om hulle personeel beter as ander te vergoed nie.
- Die Gemeenteondersteuningsfonds is presies wat die naam sê: Gemeenteondersteuningsfonds. Dit is dus nie ’n fonds wat personeel se poste tot en met aftrede waarborg nie. Dit gaan nie om die personeel nie, maar om die gemeente in staat te stel om die gemeente se roeping uit te leef.
- Die Gemeenteondersteuningsfonds is nie ’n kitsbank nie. Die Saakgelastigde het geen mandaat om enige gemeente te help nie. Slegs die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (wat by twee vergaderings per jaar aansoeke oorweeg) kan ’n besluit oor hulp neem. **Die Ring, Protokol, asook die Gemeentekomitee van die STFA moet ook insette lewer.** Dit neem dus tyd. Die Saakgelastigde se gesprekke met die gemeentes is om die gemeentes te help om suksesvol te wees met hulle aansoek om hulp. Die Saakgelastigde kan nie ’n aansoek afkeur of goedkeur nie.

## Vergaderdatums

| | |
|---|---|
| **Protokol** | 11 Maart 2024<br>8 April 2024<br>13 Mei 2024<br>10 Junie 2024<br>15 Julie 2024<br>13 Augustus 2024<br>10 September 2024<br>7 Oktober 2024<br>11 November 2024<br>9 Desember 2024 |
| **Gemeentekomitee** | 22 April 2024<br>18 September 2024 |
| **STFA: 2024** | 26 April 2024<br>11 Oktober 2024 |

- Gemeentes se aansoeke moet liefs lank voor die keerdatum (in rooi) ontvang word, sodat opvolg gesprekke met die gemeente gehou kan word. Die Ringskommissie moet tyd kry om te vergader. Om die laaste vergadersiklus van 2024 te haal, moet aansoeke dus voor 20 Augustus 2024 die kantoor van die Saakgelastigde bereik.

- Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie het al 223 gemeentes se finansiële state. Gemiddeldes kan dus maklik bereken word. Gemeentes word dus uitgevra oor bepaalde tendense. ’n Gemeente (in ’n vooraanstaande woonbuurt) wie se gemiddelde inkomste per lidmaat maar R500 per jaar is (teenoor die sinode se gemiddeld van ±R2 700 per lidmaat per jaar) sal moet verduidelik hoekom lidmate nie gee nie. Is dit swak erediensbywoning? Is die lidmaattal verkeerd? Raak daar geld weg? Die doel is om die gemeente te help om te sien waar daar moontlik ’n probleem kan wees.

## 5. Basiese kriteria

Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie bestuur die Gemeenteondersteuningsfonds. Om konsekwent en deursigtig te wees, het die STFA oor die jare ’n paar basiese beginsels opgestel wat as riglyn gebruik word:

1. Die Gemeenteondersteuningsfonds onderhou nie predikantsposte nie. As ’n gemeente net 500 belydende lidmate het, maar twee voltydse predikante, gaan die Gemeenteondersteuningsfonds nie die tweede pos se vergoeding dra nie. Die Gemeenteondersteuningsfonds reken dat een predikant ’n gemeente met 700 lidmate (doop- en belydend) effektief kan bedien. Hier is uiteraard ook uitsonderings. Die fonds kan op korttermyn help terwyl die gemeente poste verminder.

2. Die Gemeenteondersteuningsfonds borg nie projekte of uitreike nie. Die doel van die Gemeenteondersteuningsfonds is om seker te maak dat elke gemeente hulle roeping kan vervul. Gemeentes kan wel by die Bybelverspreidingsfonds aansoek doen om ’n subsidie met die doel om Bybels aan te koop met die oog op ’n uitreik.

3. Gemeentes met oorskotte (ook in hulle begrotings) en met stewige beleggings word versoek om later weer aansoek te doen.

4. Die Gemeenteondersteuningsfonds borg nie die ontwikkeling van ’n nuwe gemeente nie. As Gemeente A in ’n nuwe woonbuurt (Woonbuurt B) ’n bediening wil begin, kyk die Gemeenteondersteuningsfonds na Gemeente A se finansiële state. Ons kyk nie slegs na die bediening in Woonbuurt B se begroting nie.

5. Die Gemeenteondersteuningsfonds help nie eintlik met instandhouding van geboue nie. In ’n werklike noodgeval was daar egter wel al uitsonderings gemaak.

6. Gemeentes word nie gehelp net omdat hulle vermoed dat hulle iewers in die toekoms ’n tekort gaan hê nie. Voorbeeld: As die gemeente in Mei noem dat die droogte moontlik die basaar (einde Oktober) se inkomste kan verminder, en daarom hulp wil hê, word hulle versoek om in November weer aansoek te doen.

7. Die geouditeerde finansiële state van die vorige finansiële jaar moet ingedien wees. Sonder die finansiële state het die vergaderings wat aansoeke moet oorweeg, nie toegang tot die inligting aan die hand waarvan die meriete van aansoeke sinvol beoordeel kan word nie.

8. Daar is nie “afslag” of “korting” op sinodale aandeel moontlik nie. Sinodale aandeel vir Jaar C is ’n direkte persentasie van ’n gemeente se werklike inkomste in Jaar A. Die aanslag styg omdat die gemeente se inkomste gestyg het. As ’n gemeente R100 000 kort, is dit nie sinodale aandeel se skuld nie. Sinodale aandeel is maar ’n baie klein persentasie van ’n gemeente se uitgawes. Salarisse is dikwels 75% van die uitgawes. Sinodale aandeel is gemiddeld 5% (so het die sinode in 2019 besluit) van ’n gemeente se inkomste. Die maksimum wat ’n gemeente kan betaal is 8% van die gemeente se inkomste.

9. Gemeentes word nie gehelp om predikante beter te vergoed as wat die sinodale riglyn is nie.

10. Die Gemeenteondersteuningsfonds help nie permanent (jaar na jaar) nie. Daar moet ’n plan wees sodat die gemeente volhoubaar kan word.

11. Die Gemeenteondersteuningsfonds sal soms aanbeveel dat ’n predikant by die Predikantebegeleidingsentrum of die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding moet aanmeld vir ondersteuning. Hulp uit die Gemeenteondersteuningsfonds is voorwaardelik aan sodanige versoek.

12. Hulp met ’n internskap of brugleraar is direk gekoppel aan die pos en termineer wanneer die intern of brugpredikant ’n ander pos aanvaar. Hulp word dan ook gewoonlik maandeliks gegee teenoor ander hulp wat in enkelbedrag gegee word.

## 6. Kontakbesonderhede

Lenois Stander (Saakgelastigde) – 021 957 7104 Epos: lenois@kaapkerk.co.za

Ondersteuningsdienste se webtuiste: kaapkerkadmin.co.za
Sinode se webtuiste: kaapkerk.co.za